

---

---

# DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS [2]

No. E266

---

---

## 1.1 EK GLO IN GOD [a]

**D**ie belydenis begin met die mees fundamentele geloofswaarheid. Was daar geen God nie, was alles in die res van die belydenis totaal irrelevant. Hier begin alles.

Maar Wie is God? Wat is God? Hoe sal ons Hom ken? Ja, ons kan Sy werke sien - verbysterend groots, ordelik en geniaal. Logies kan ons aflei dat Hy daar móét wees. Daar móét 'n eerste oorsprong wees; 'n eerste onveroorzaakte oorsaak van alles. Daarsonder is alle syn logies onmoontlik, en dus ondenkbaar.

Waarlik, geen intelligente en denkende mens kan 'n ateïs wees nie - agnosties, miskien ja, maar nie ateïsties nie.

Maar sintuiglik kan ons Hom nie waarneem nie. Na die hemel kan ons nie opklim om Hom te gaan bestudeer nie. Duidelik leef Hy in dimensies waarvan ons nie die vaagste benul het nie. Hoe sal ons Hom dan ken?

### DIE NOODSAK, MAAR OOK DIE REALITEIT VAN OPENBARING

- Ten einde God dus te ken, is ons algeheel afhanklik van Sy selfopenbaring aan ons. En ons kan Hom slegs ken in soverre Hy Homself aan ons openbaar.

*Maar Hy hét Homself aan ons geopenbaar - op 'n wonderbaarlike wyse!*

- Aan die hart van die Christelike geloof is die

oortuiging dat dit van *bonatuurlike aard en oorsprong* is. Nie mense het dit uitgedink of ontwikkel nie; God het ingesny in die ontwikkeling van die sondegevalle menseras en Homself en Sy wil aan ons bekend gemaak. Die inhoud van ons geloof is 'n *geopenbaarde* inhoud.

Dit is nie die mens wat in sy soeke God se lig ontdek het nie. Nee, dis Hy wat ons duisternis binnegetree het. Dis Hy wat inisiatief geneem het!

- Wat bedoel ons met die begrip "openbaring"? *Dit dui op die bekendmaking van iets wat onbekend was, die onthulling van dit wat tot op daardie moment verskuild was - maar wat nou, na die openbaring, uiteraard aan ons bekend is.*

Die mees algemene Ou Testamentiese woord vir "openbaring" (Hb. *galah*), beteken basies om te ontbloot. Dit dui op waarheid wat bedek was, maar nou deur God oopgemaak is. In Gn 35:7 word byvoorbeeld letterlik gesê dat God Homself ontbloot het; en in 1 Sam 9:15 dat Hy sekere feite aan Samuel ontbloot of bekendgemaak het - iets wat geen mens vantevore geweet het nie.

In die Nuwe Testament word veral twee begrippe gebruik: om te openbaar (Gr. *apokalupto*) en om te manifesteer (Gr. *phaneroo*).

- Reeds in Ou Testamentiese tye het God Homself dus geopenbaar - "baiekeer en op baie maniere" (Hb 1:1). Meer as 3800 keer begin die Ou Testamentiese skrywers hulle boodskap met uitdrukkings soos, "die mond van die Here het gespreek", "die Here sê (of het gesê)", "hoor die woord van die Here", "die Here het aan my getoon", "die woord van die Here het tot my gekom en gesê".

- Maar dis by uitnemendheid in die koms van Jesus Christus dat God Homself aan ons openbaar (Jh 1:1-18; Hb 1:1-3). Die menswording van God die Seun is die kulminering en afronding van God se openbaring aan die mens.

So gesien, verstaan mens dat alles in die Ou Testament antisiperend vooruit wys na Jesus Christus; en dat alles in die Nuwe Testament

beskrywend en vertolkend terugkyk na Hom.

Maar dis nie nou die tyd om meer hieroor te sê nie. Kom ons volstaan deur te kyk na een van die uitnemende maniere waarop God Homself in die Ou Testament aan die mens geopenbaar het. As die Nuwe Testament vir ons die klimaks van God se selfopenbaring gee, gee die Ou Testament vir ons die fondament daarvan.

### GOD SE SELFOPENBARING IN SY VERBONDSNAAM

- Die Ou Testament is van hoek tot kant vol van God se selfopenbaring. Maar een van die hoogtepunte vind ons in God se openbaring van Sy verbondsnaam in Eks 3. Kom ons kyk daarna.

- As Moses gestuur word om Israel uit Egipte te lei, vra hy hoe hy vir die mense moet sê wie hom gestuur het. Hierop antwoord God dan: "*Ek is wat Ek is*". "Jy moet vir die Israeliete sê: *Ek is* het my na julle toe gestuur" (Eks 3:14).

In v.15 noem God Homself "Die Here". In die oorspronklike Hebreeus was dit net 4 konsonante (sonder klinkers). Ons kan dus nie met absolute stelligheid sê hoe die Naam uitgespreek is nie. Maar vandag aanvaar die meeste geleerdes dat dit *Jahweh* moet wees. Hierdie woord is die 3de persoon enkelvoud van die werkwoord "om te wees". As God dus oor Homself praat, sê Hy, "Ek is" (eerste persoon). En as Sy volk oor Hom praat, moet hulle sê, "Hy is" (*Jahweh*) (derde persoon).

- Oor presies wat God oor Homself in hierdie Godsnaam openbaar, is daar 'n verskeidenheid van opinies. Ons kan egter met redelike sekerheid 'n paar dinge sê:

- Teenoor die klomp denkbeeldige gode van die heidene (1Kor 8:4-6; 10:19-20), is Hy wat Homself hier aan Moses openbaar in Eks 3, die Een wat is, wat regtig bestaan - *die ware, lewende God*.

- Die God wat Homself hier openbaar, is die

*Heilige*. Vuur is simbool van hierdie heiligheid. Daarom moet Moses sy skoene uittrek - die plek is heilig (5). Dit word ook geïmpliseer deur die Naam wat God vir Homself gee, want heiligheid beteken ten diepste afgeskeidenheid. En Hy is wat Hy is - Hy kan met niks in Sy skepping vergelyk word nie. Hy is uniek, Hy is verhewe bo alles in Sy skepping - Hy is die Gansandere.

- Die God wat Homself hier openbaar, is die *Algenoegsame*. Hy is van niks of niemand buite Homself afhanklik nie. In Homself het Hy alles wat Hy ooit mag nodig hê. Hy is wat Hy is.

- Die God wat Homself hier openbaar, is die *Ewige*. Hy was van ewigheid af daar. Hy het nooit ontstaan nie. En vir Sy bestaan is Hy aan niks of niemand dank verskuldig nie. Hy was nog altyd.

Nog meer, die uitdrukking kan ook vertaal word, "Ek sal wees wat Ek sal wees". Hy is dus die ewig-onverganklike. Dit word dramaties beklemtoon deur die doringbos wat nie uitbrand nie (Eks 3:2-3).

- Hierdie ware, lewende, heilige, algenoegsame en ewige God, is 'n *God van verbondstrou*. Dit is Hý wat die Israëliete se voorvaders geroep het. En dit is Hý wat die beloftes van destyds nou gaan vervul.

Waar die ander Godsname Sy verheuenheid beklemtoon, wil die naam *Jahweh* die persoonlike kant van Sy karakter belig - die feit dat Hy 'n behae in verhouding het, dat Hy afbuig na die mens toe, dat Hy liefdevol in Sy dierbares belangstel, dat Hy sorgsaam by hulle betrokke is.

Let op Sy empatie met Sy volk (7-9). Hy was intens bewus van hulle smarte in Egipte.

Driemaal noem die Here Homself die God van Abraham, Isak en Jakob (6, 15, 16). Tweemaal verwys Hy na die Israëliete as Sy volk (7, 10). In v. 16 noem Hy Homself die God van hulle vaders. En in v. 15 sluit Hy só af: "Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroop moet word van geslag tot geslag."

- Al gee Hy dus nou vir hulle 'n nuwe naam om vir

Hom te gebruik, vind daar geen breuk met die verlede plaas nie. Hy was die God van hulle vaders, Hy sal hulle God wees, en Hy sal die God van hulle nageslag wees. En ook die Almagtige sal Hy bly.

- As verbondsnaam was *Jahweh* Israel se eksklusiewe besit. Nêrens is dit opgeteken dat die ander Semitiese volkere dit ooit gebruik het om na hulle eie gode te verwys nie. As hulle die Naam geken het, was dit omdat hulle dit by van die Israëliete gehoor het. En as hulle dit ooit gebruik het, was dit om spesifiek na Israel se God te verwys.

- Konsekwente toewyding en volhardende liefdestrou lê aan die hart van God se persoonlikheid. Soos die doringbos bly brand, so bly Sy verbondsywer vir Sy uitverkorenes brand.: "Ek sal vir julle 'n God wees; julle sal vir My 'n volk wees!" Sy almag, Sy soewereine onderneming en al die kragtige werkinge van Sy voorsienigheid, is ter wille van Sy geliefdes. En hulle is ter wille van Sy eer. In dié verband is Dt 7:7-9 sprekend: "Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte. Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy geboorte gehoorsaam ...".

- Eks 6:1-7 sluit nou aan by Eks 3. Maar v.2 is verrassend: "Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God die Almagtige, maar my Naam, die Here (Hb. *Jahweh*), het Ek nie aan hulle bekend gemaak nie."

Waarom verrassend? Ons tref hierdie Naam reeds vroeg in Genesis aan. Gn 4:26 sê dat Set die Naam van die Here (*Jahweh*) aangeroop het, en Gn 12:8 dat ook Abraham dit gedoen het.

Een verklaring sou kon wees dat dit gewoon

Moses is wat as skrywer van Genesis (tradisioneel so aanvaar) hierdie vir hom oneindig kosbare Godsnaam gebruik as hy skryf oor die verhouding tussen God en Sy mense in die geskiedenis. Hierdie teorie ly egter skipbreuk as Abraham in Gn 22:14 die plek waar God vir hom die offerlam namens Isak gee, "*die Here (Jahweh) sal voorsien*" noem. Daarom word dit algemeen aanvaar dat die aartsvaders wel die Naam geken het, maar nie die rykdomme daarvan nie. Die dieptebetekenis daarvan word eers aan Moses geopenbaar.

## SLOT

Wat ons tot dusver gesien het, is tipies van God se selfopenbaring, van Sy voorskrifte vir Sy volk, en van die manier wat Hy met Sy volk werk. Met die verloop van die eeue skuif Sy openbaring van hierdie dinge al hoe meer in fokus. Tot so 'n mate is dit wáár, dat mens maklik 'n probleem kry om die Godsopenbaring en Sy voorskrifte in die Nuwe Testament te versoen met dit wat ons in die Ou Testament aantref. Laat ons dit egter altyd voor oë hou, dat dit die gevolg is van die ontwikkeling van die Godsopenbaring. Trouens, die dramatiese vooruitgang van Ou na Nuwe Testament het by uitstek te doen met die koms van Jesus Christus - Hy wat die Godsopenbaring tot radikaal nuwe hoogtes gevoer het.

*Laat ons intens dankbaar wees dat ons ná die koms van Christus leef! Wat 'n voorreg - ons ken die lewende God soveel beter as die Ou Testamentiese gelowiges!*

**Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellاسies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.
- [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za); Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: [info@nunide.org.za](mailto:info@nunide.org.za); T: 012-808 3906